LEEF JOU GELOOF

Skryf iets moois op iemand se Facebook-muur.

NET VIR OUERS

Reageer altyd met sagheid. Laat die volgende van jou as ouer waar wees: “Gesels met hulle op ‘n aangename manier wat vir hulle iets kan beteken. (Kol.4:6, Die Lewende Bybel).

NOTAS

‘N MIERGELOOF WEEK 9

BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen ‘n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JESUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.

BYBEL

Lees: Spreuke 30:25

* Gaan soek ‘n plek waar miere aan die werk is en hou hulle dop.
* Watter spreuk sou julle oor hulle kon skryf?
* Lees ook Nehemia 1:4-11; 4:6. Wat leer ons in dié verse oor geloof?

In die dae toe telegrawe die vinnigste metode van langafstandkommunikasie was, het ’n jong man aansoek gedoen vir ’n pos as Morsekode-operateur. Hy stap toe in by die algemene kantoor, neem ’n vorm en gaan sit agter in die lang tou van aansoekers vir die gesogte werk. Na ’n paar minute staan die jongman op, loop verby al die mense en stap by die bestuurder se kantoor in.

Die ander aansoekers het onder mekaar gemor en gesê dat die jong man beslis gediskwalifiseer behoort te word want hy het nie, soos al die ander, sy beurt afgewag nie. Kort daarna stap die bestuurder uit en kondig aan dat die jong man die werk gekry het.

Die ander aansoekers was hoogs ontsteld en het erg geprotesteer: “Wag ’n bietjie, ons verstaan nou nie mooi nie – hy het laaste hier ingestap en nie een van ons is eers ’n onderhoud toegestaan nie. Dis nie regverdig nie!”

Die bestuurder het kalm geantwoord: “Ek is jammer, maar die hele tyd dat julle hier gesit het, het die telegraaf die volgende boodskap in Morsekode getik: 'As jy hierdie boodskap verstaan, kom dan in, die werk is joune.’ Die jong man het net gereageer op dié boodskap!”

As jy God se Woord in jou bêre soos miere hul kos wegbêre, sal jy God se stem ook in die geraas van die lewe hoor!

In die Bybel is daar heelwat gelowiges wat ’n miergeloof vertoon, maar die een wat uitstaan is verseker Nehemia. Hy het soos ’n mier verwoed gewerk om sy doel te bereik, naamlik, om die mure van Jerusalem te herbou! Wat hy van ander mense gesê het, was regtig van hom ook waar: “Die mense se hart was in die werk” (Neh. 4:6, 1983-vertaling). Kyk maar na die miere – hulle werk met ’n doel, ja, hul hart is in hul werk. Nehemia se hart was in sy werk oor sy geloofsoortuigings. Hy het vas geglo in die volgende vier dinge:

4. In die vierde plek het hy in sy werk geglo – hy het geglo dat wat hy doen die regte ding is. Daarom het hy sy moue opgerol en sy hart in die werk gesit.
3. In die derde plek het hy in homself geglo, met an der woorde, hy het ’n gesonde selfbeeld gehad en daarom kon hy met soveel selfvertroue optree.
2. In die tweede plek het hy in sy mense geglo. Hy het hulle opreg liefgehad en geglo dat hierdie klein Joodse gemeenskap vir die wêreld iets kon leer deur hul manier van lewe.
1. In die eerste plek het hy in God geglo. Hy het orals met God gepraat – lees gerus sy gebed in Nehemia 1:4–11. Sy ander drie geloofsoortuigings het uit hierdie een gegroei.

DOEN SAAM :

Probeer as gesin saam na die animasiefliek *Antz* kyk. Vertel daarna vir mekaar wat julle aangespreek het en wat elkeen hieruit geleer het.

GEBED:

Besluit om Jesus met ‘n miergeloof te volg en verbind jouself deur die volgende woorde vir Hom te sê:

Gee aan my ‘n rein hart dat ek U mag sien.
‘n Nederige hart dat ek U mag hoor.
‘n Hart van liefde dat ek U mag dien.
‘n Hart van geloof dat ek u kan bly.
‘n Hart van ywer dat ek vir U mag werk.

~ DAG HAMMARSKJÖLD (1905-1961)(VERWERK)